

23.8 RAPPORT 2: DEPUTATE PUBLIKASIES – KERKLIKE TYDSKRIFTE – *DIE KERKBLAD*

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Verslag van die Redakteur van Die Kerkblad*

Na die skielike afsterwe van dr CN van der Merwe is prof Callie Coetzee vanaf 1 November 2013 as Redakteur benoem. Die uitgawe van Desember 2013/Januarie 2014 was toe reeds deur dr Van der Merwe afgehandel. Prof Coetzee het dus volle verantwoordelikheid vanaf die Februarie 2014-uitgawe aanvaar. Die kostelike werk van dr Van der Merwe word in dankbare herinnering geroep.

Dit is 'n besondere voorreg om op hierdie wyse in en aan die kerke diensbaar te wees. *Die Kerkblad* kon deur die genade van die Here gereeld verskyn. Die redaksie het onveranderd gebly en die gewaardeerde werk van mev Johanna Fourie is vir die Redakteur van onskatbare betekenis.

Wat die inhoud van *Die Kerkblad* betref, word daar op aktuele temas en onderwerpe gefokus. Wat skrywers betref, word daar, behalwe vir persone uit die geleedere van die GKSA, ook van kundiges buite die GKSA gebruik gemaak. Hulle bereidwilligheid en bydraes word hoog op prys gestel. Behalwe die bepaalde temas en onderwerpe word daar ook vanuit die Gereformeerde perspektief op berigte in ander kerklike en openbare media kommentaar gelewer.

Die Redakteur het gedurende Junie 2014 'n skrywe gerig aan al die predikante van die GKSA om van hulle bydraes, kommentaar en insette te vra, asook hulp met die bemerking en bekendstelling van *Die Kerkblad* in hulle gemeentes. Slegs drie predikante het enigsins gereageer op die skrywe. Een van die predikante wat wel gereageer het, het voorgestel dat *Die Kerkblad* gratis elektronies word aan alle lidmate beskikbaar gestel. Die voorstel het vanselfsprekend finansiële implikasies, maar word nogtans aan die Sinode vir oorweging deurgegee.

Dit is ons bede dat ons hemelse Vader *Die Kerkblad* steeds as instrument tot seën en opbou van ons lesers sal gebruik.

Rapporteur: